Julie 2019

# Stellenberger

## Ons leef in God se koninkryk

Deur: ds. Marius Breytenbach



**Wanneer 'n mens deur Israel reis, staan jy telkens verstom oor die konings van vergange se dae se bouprojekte. Koning Herodes se winterpaleis op die berg Masada en sy herbouing van die tempel in Jerusalem, waarvoor Jesus se dissipels verwonderd gestaan het (Markus 13:1-2), staan onder andere as bakens van dié vergange koninkryke.**

Die skares gelowiges wat in Galilea na Jesus toe gestroom het, het in die midde van die Romeinse Ryk en die Herodes-familie geleef. Dit was 'n gewetenlose bedeling wat die werkersklas uitgebuit het om mag te behou.

Dit is dan ook teen hierdie agtergrond wat Jesus in al sy preke oor God se koninkryk praat.

Jesus se prediking het mense diep geraak, omdat dit so van Herodes en die Romeinse Ryk se bewind verskil het. Dit het die mense wat min geld, mag, hoop of invloed gehad het, geïnspireer om ten spyte van hulle omstandighede in 'n beter koninkryk te glo.

Wat hoor ons as Jesus vandag deur sy prediking met ons oor God se koninkryk praat? Geen koninkryk op aarde kon nog die toets van die tyd deurstaan nie. Die stapeltjies klippe wat oral in Israel en die res van die wêreld staan, getuig daarvan. Gelowiges het deur die eeue heen oorleef, te midde van konings en koninkryke wat gekom en gegaan het.

Die wonder in die Bybelboek Jona is nie dat 'n groot vis hom ingesluk en op die strand uitgespoeg het nie, maar dat God hom op die punt gebring het om te besef dat Hy vir meer omgee as wat die godsdienstige Jona aanvanklik gedink het. En juis dít is vandag ons eie uitdaging, te midde van die "konings" en "koninkryke" waarin ons ons bevind en moet leef.

Hierdie kwartaal gaan ons saam oor hierdie stelling nadink. Wat leer ons wanneer ons God se koninkryk bestudeer en hoe kan ons die kennis toepas op die wêreld waarin ons nou leef en uitdagings in geleenthede omskep?

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Kom reis in hierdie kwartaal saam met ons . . .

- Eredienste: Elke Sondag tydens die erediens word op ’n aspek van God se koninkryk gefokus.
- Gespreksgeleentheid: Kom luister elke week na ’n kundige spreker wat vanuit ’n praktiese oogpunt die voorafgaande Sondag se teks belig.
- Gebed: Sluit aan by die gebedsbyeenkoms op Dinsdae om 18:30 in die kapel, waartydens ons spesifiek God se leiding sal vra om uitdagings in geleenthede te omskep.
- Bybelstudiegeleentheid: Elke Sondag om 18:00 in die kleinsaal. Die byeenkoms vervang die tradisionele aanddiens.

# Kwartaalprogram

Kwartaaltema: Ons Leef in God se KONINKRYK

Die kwartaaltema: Ons Leef in God se Koninkryk, word deur die volgende program ondersteun:

- Eredienste:  Dienste sal elke Sondag op ’n spesifieke tema van God se Koninkryk fokus.
- Bybelstudiegeleentheid Sondae 18:00 in die kleinsaal:  Nege Bybelstudiegeleenthede word in die plek van die tradisionele aanddiens aangebied.  Woon gerus die aanddiens in nuwe formaat by.
- Weeklikse gespreksgeleentheid:  In aansluiting by die tema van Sondag se erediens, word lidmate uitgenooi na ’n aanbieding deur ’n spreker die daaropvolgende week.
- Gebed:  Die Asemskep-gebedsgroep, Dinsdae om 18:30 in die kapel en die Mannebiduur op Donderdae om 06:00 in die kafeteria, sal ook fokus op die die geleenthede en uitdagings wat gelowiges in God se koninkryk gebied word.

**Sondag 28 Julie 2019: Waarvoor is jy bang?**



Teks:  Markus 8:35-38

Fokus:  Vrese, onsekerhede, woede en hartseer wat ons gevange hou en kan beroof van nuwe geleenthede en moontlikhede in ons geloofslewe. Wat maak jou bang en ongelukkig en wat is die impak daarvan op jou lewe en die mense om jou? Die wonder in Markus se teks is nie net dat Jesus die mag het om storms in die natuur aan te spreek nie, maar dat Hy ook storms (vrese) in ons gemoed tot bedaring kan bring. Dit bied aan ons die  hoop dat ons toekomstige storms beter sal kan navigeer.

**Gespreksgeleentheid 29 Julie 19:00 in die kleinsaal.**

Die rol en gevolge van vrees in jou lewe en hoe jy dit te bowe kan kom.

Aanbieder: Dr. Deon Bruwer, pastorale sielkundige.

Vervolg op bladsy 3 . . .

**. . . v**ervolg vanaf bladsy 2

**Sondag 4 Augustus 2019: Aan wie behoort alles?**



Teks:  Deuteronomium 10:10-22 (Lev. 25)

Fokus: Ons kapitalistiese ingesteldheid stel hoë eise aan ons leefstyl en die ekologie. Is dit volhoubaar? Watter perspektief bring God se koninkryk op ons geld, besittings en tyd? Ongelykheid en armoede en die herstel daarvan.

**Gespreksgeleentheid 8 Augustus 19:00 in die kleinsaal.**

Die uitdaging en geleenthede van 'n kapitalistiese ekonomie.

Aanbieder: Prof. Stan du Plessis, Departement Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch.



**Sondag 11 Augustus 2019: Stukkende mense**

Teks:  Filippense 2:1-11

Fokus: Mense tussen wie ek my elke dag bevind is weerloos a.g.v. egskeiding, depressie, angs, armoede, ens. Wat beteken dit om die gedaante van Christus aan te neem waar ek myself tussen ander bevind?

**Gespreksgeleentheid 13 Augustus 19:00 in die kleinsaal.**

Om die stemme van stukkende mense te kan hoor.

Aanbieder: Ds. Nioma Venter, Predikant in Sinodale diens, Diaconia.



**Sondag 18 Augustus 2019: 'n Geloof wat oor grense heen reik**

Teks:  Matteus 15:21-31

Fokus:  Die teks praat oor 'n geloof wat nie net beperk is tot die belange van een godsdienstige groep nie, maar dat dit oor grense heen uitreik. Wat beteken dit dat die menigte (waarskynlik ongelowiges) die God van Israel prys? (vers 31).

**Gespreksgeleentheid 19 Augustus 19:00 in die kleinsaal.**

'n Geloof wat oor grense heen reik.

Aanbieder: Ds. Michelle Boonzaaier, leraar by NG Kerk Brackenfell en betrokke by die I Am-organisasie.



**Sondag 25 Augustus 2019: Die kerk en die koninkryk**

Teks:  Efesiërs 1:15-23.

**Gespreksgeleentheid 29 Augustus 19:00 in die kleinsaal.**

'n Kerk in die koninkryk.

Aanbieder: Dr. Nelis Janse van Rensburg, Moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode.

# Ontmoet vir ds. Philipp Dietmann



**Philipp Dietmann is reeds etlike jare by Stellenberg-gemeente betrokke. Aanvanklik het hy as proponent prediking by die aanddienste behartig en die afgelope drie jaar was hy verantwoordelik vir die meditatiewe diens.**

Philipp is op 14 Julie as tentmakerleraar in Stellenberg bevestig. Die benaming tentmaker verwys na Paulus se bediening in die Bybel toe hy regtig tente gemaak en verkoop het, terwyl hy ook gemeentes bedien het. 'n Tentmakerleraar dui dus op 'n leraar wat 'n ander beroep of loopbaan beoefen, onderwyl hy/sy ook 'n gemeente bedien. Stellenberger het na sy bevestiging by Philipp ingeloer om hom van naderby te leer ken.

**Waar het jy grootgeword en gematrikuleer?** Ek is hier gebore en in Stellenberg-gemeente gedoop. Ons het later na Johannesburg verhuis. Ek het in Randburg skoolgegaan en ook daar gematrikuleer.

**Was teologie maar altyd in jou bloed, of wanneer het jy finaal besluit om dit te gaan studeer?** Ek het nog altyd 'n liefde gehad vir die kerk, so ek het van vroeg reeds 'n belangstelling gehad in teologie. Tydens my matriekjaar het ek finaal besluit om teologie aan die Universiteit van Stellenbosch te gaan studeer.

**Jy is as 'n tentmakerleraar aangestel, wat beteken jy het van Maandag tot Vrydag 'n ander werk. Wat doen jy en waar werk jy?** Ek is 'n finansiële beplanner by Old Mutual.

**Watter deel van die bediening as leraar geniet jy die meeste?** Om te sien hoe die evangelie 'n mens kan vry maak om dié mens te wees wat God bedoel het jy eintlik moet wees.

**Wat is jou gunstelingplek in die wêreld?** Daar is 'n klein hotel in Rannoch Moor in die Skotse Hoogland met 'n reuse-whisky-versameling. Daar bly net vyf mense op die dorp en saans kan jy sien hoe die takbokke by 'n afgetrede oom aandete gaan eet. Dit is my gunstelingplek.

**Jou gunstelingkos?** Die gewone staatmakers soos lamskenkel, pasta en braaivleis.

**Het jy 'n tydverdryf wat jy baie geniet? Wat is dit en wanneer kom jy daarby uit?** Ek het onlangs na jare se aftyd, weer begin draf. Dis vir my geweldig terapeuties, maar ongelukkig is dit nie altyd moontlik om in die winter daarby uit te kom nie.

**Het jy broers en susters hier naby, of is julle ook oor die aardbol versprei?** My suster is net 'n jaar jonger as ek. Sy en haar man bly in Sonstraalhoogte en het 'n seuntjie, Daniel, wat nou drie jaar oud geword het. Hy is my en Floris se peetkind, en ek mag dalk partydig klink, maar hy is letterlik die oulikste en slimste kind op die planeet. Daniel kan tot 20 tel, alhoewel dit nie altyd in die regte volgorde is nie en hy ken al die karakters in die Lion King-film se name.

**Kan jy aan iemand spesifieks dink wat 'n groot invloed op jou lewe gehad het? Wie is dit en wat het jy by die persoon geleer?** Nico Simpson, wat detyds 'n kollega by Kruisgenerasie was en deesdae by Bybelmedia werk, het my geleer dat stories mense se lewens verander, dat ons met sagte oë na ander en onsself moet kyk en dat jy nie 'n oomblik in jou lewe te vinnig moet omwens nie. Bremer Gericke het my geleer om nie vir stilte bang te wees nie en dat belangrike of ingewikkelde kwessies nie maklike antwoorde het nie.

**Wat lees jy graag in jou persoonlike stiltetyd?** Ek lees huidig baie van Richard Rohr en Brian McLaren se werke in my stiltetyd.

**Na wie se musiek luister jy?** Ek geniet eintlik alle musiek, maar Spoegwolf is op die oomblik my gunsteling.

# Die gemeente se beursie

Deur: Danie Claassen*


Alhoewel ons reeds in die vyfde maand van die nuwe finansiële jaar is, deel ons graag ’n paar aspekte van die begroting vir die jaar tot einde Februarie 2020 met die gemeente.

Die verskillende bedieninge in die gemeente gaan jaarliks deur ’n proses waarin hulle teen die agtergrond van die gemeente se strategiese fokuspunte hulle eie beplande projekte krities evalueer. Twee ander belangrike beginsels vir elke jaar se begroting is dat ons poog om net te spandeer wat ons realisties verwag om in te kry. En verder is ons strewe dat ’n derde van die gemeente se totale besteding direk na buite gerig moet wees. Indien ons wel ’n boekjaar met ’n oorskot afsluit, word sodanige oorskot vir ander prioriteite aangewend, maar sonder om ’n herhalende koste vir die toekoms daarmee te skep.

Die begrote uitgawe vir die huidige boekjaar beloop ongeveer R10,7 miljoen. In ’n volgende uitgawe van die Stellenberger sal ons meer inligting oor die samestelling daarvan verskaf, maar dit val breedweg in drie kategorieë – uitbou (fokus na buite), opbou (fokus binne die gemeente) en ondersteuning (administrasie en eiendomme).

Die uitgawebegroting word befonds deur die volgende bronne van inkomste :

| | |
|---|---|
| Bankkollekte | 11% |
| Jaarlikse dankoffer | 17% |
| Maandelikse dankoffer | 47% |
| Fondsinsamelings | 19% |
| Huurinkomste | 6% |




Uit bogenoemde samestelling van inkomste is dit duidelik dat die gemeente se hoofbron van inkomste die maandelikse dankoffer is. Die gemeente spring egter nie die impak van die negatiewe ekonomiese omstandighede vry nie en daarom het die kerkraad besluit om nie vanjaar te begroot vir ’n inflasionêre verhoging in inkomste nie – die gevolg was dat die bedieninge hulle uitgawes met tussen 2% en 5% moes sny.

As rentmeesters vir die fondse wat lidmate aan die kerkraad toevertrou, bly ons voortdurend bewus van die verantwoordelikheid om elke rand met die nodige beplanning en sorg aan te wend. Baie dankie vir elke lidmaat se bydrae. Kontak gerus die kerkkantoor (adele@stellenberg.co.za/marguerite@stellenberg.co.za) vir meer inligting ten opsigte van die verskillende opsies hoe ’n bydrae gemaak kan word.

*Danie Claassen deel al die afgelope 25 jaar as voorsitter van die finansiële kommissie sy kundigheid en ervaring met Stellenberg-gemeente. Hy is ’n geoktrooieerde rekenmeester en in diens van Sanlam.

# Winteruitreike saai hoop

Deur: ds. Why Duvenhage

**Ons is die Vader dankbaar dat al die uitreike van die afgelope Junie/Julieskoolvakansie weer met groot seën afgehandel is. Ons kan dit nie net as ’n gegewe aanvaar dat ons jaarliks veilig met verskillende voertuie duisende kilometers aflê en met liefde deur gemeenskappe ontvang moet word nie – maar die afgelope vakansie was dit deur die genade weer so.**

Ons het vyf georganiseerde uitreike gehad, waaraan meer as 100 jongmense deelgeneem het. In die Karoo en Klein-Karoo het ons onder andere na Zoar, Calitzdorp, Leeu-Gamka en Beaufort-Wes uitgereik en dan is Bambisana in die Transkei en Mavusa in Limpopo ook besoek.

Dis verstommend om jongmense se ywer om van hul kosbare vakansietyd vir dié dienswerk op te offer, te aanskou. Hierdie jaar was dit veral ook spesiaal omdat meer volwassenes by die uitreike betrokke geraak het en groot insette gelewer het. Hieroor is ons baie dankbaar en glo dat ons in die toekoms meer op volwassenes se hulp kan staatmaak.

Die belangrikste aspek van ons uitreike is die standhoudende prosesse wat op verskillende dorpe begin posvat. By ons basis in Mavusa gaan ’n landbouprojek van krag tot krag en ek kon tydens die uitreik leierskapkursusse vir geestelike leiers, asook vir ’n groep jong leiers, aanbied. Die opleiding vir jong leiers in Mavusa het tot die ontwikkeling van ’n nuwe, opwindende entrepreneursprojek aanleiding gegee. Drie jong, werklose manne het hulle visie om klein besighede te vestig met my gedeel en ons vertrou die Here se seën op dié projek. Soortgelyk is die bakkery in Vosburg, waar ons plaaslike mense oplei en ondersteun om brood te bak.

Ons is opgewonde oor die beweging in veral Beaufort-Wes, waarnatoe ons drie jaar gelede vir die eerste keer begin uitreik het. Ons het soggens 500 kinders met die kinderbedieningprogram bereik en smiddae meer as 150 tieners by die tienerprogramme betrek. In die Transkei was veral die besoeke aan Mamma Christina in Magwambu een van die hoogtepunte. Dit was ook besonders dat ons nuwe jeugleraar, Hanno, ons uitreik na Leeu-Gamka gelei het.

Ons is met dank vervul teenoor die Here vir die voorreg om in al hierdie gemeenskappe te mag werk, om te sien hoe God te werk gaan en om by Hom aan te sluit in wat Hy reeds besig is om te vermag. Ons vertrou dat die Here ons na die plekke neem waar Hy weet ons bediening nodig is en dat Hy ook die werk wat daar gedoen word deur, sy Gees in stand hou.





Tydens die opleiding van ons uitreikspanne, het ek herhaaldelik vir uitreikers gesê dat hulle wel gaan uitreik, maar dat hulle moet onthou dit is ook 'n inreik. 'n Inreik beteken dat ons onsself ook geestelik verryk deur ons blootstelling aan die verskillende werklikhede en omstandighede in ons uitreikgebiede. Om nuwe mense te ontmoet en nuwe ervarings saam met God te beleef, vorm alles deel van die inreik.

Baie dankie aan al ons lidmate wat betrokke was by die uitreike, deur te gaan, deur te gee, deur te bid. In besonder ook aan ons ywerige breigroep wat honderde musse, serpe en truie vir die uitreike gebrei het. Dit is oral met groot dankbaarheid ontvang en ons is met groot glimlagte beloon.











# Ons eie Bagdad . . .

Deur: Anène Nortier*

**Die stofstraat deur Bagdad, ’n woonbuurt in Beaufort-Wes, wemel van haastige lyfies wat agter en langs die Stellenberg-bussies draf . . . tussen honger honde en vernielde kinderogies is daar tog ’n sprankie hoop – hoop op ietsie om te eet, hoop op ’n warm serpie, of mus wat die snerpende oggendkoue kan verdryf en hoop op iemand wat kan liefhê.**

Agter ’n streep in die stof versamel die groep, 530 stuks, in afwagting op liefde en omgee. Na vier dae ken ons die gesiggies voor ons en elke gesiggie onthou trots wie sy/haar leier is en in watter kleurgroep hy/sy hoort – om iewers te behoort en belangrik te voel, is nie sommerso nie, dis belangrik, al is dit net jou plekkie in ’n kleurgroep.

Ons leer van die barmhartige Samaritaan wat omgegee het en dat Jesus vir ons omgee. Van Josef wat sy broers kon vergewe en dat Jesus ons vergewe en dat ons nuut kan begin. Noag het geluister en ons moet luister, maar ook weet dat ons enige tyd met Jesus kan praat, want Hy sál luister. Ons eet lekker warm pap, gesels saam, luister en deel Jesus se liefde. Jesus het immers gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom”.

Terwyl tannie Soekie se liedjies in die somber Bagdadstrate weerklink, stap ek deur die skare kinders en soek die koue voetjies wat ek met iemand anders se genadeskoene kan help en die knop in my keel trek ’n gat in my hart vir dié kinders – vir Jesus só belangrik en tog moet hulle so swaar kry.

Met nat oë en swaar harte groet ons die stofstrate van Bagdad. Ons weet dat ons Jesus se liefde vir hulle los en dalk so ’n tikkie hoop.

*Anène Nortier is ’n lidmaat van Stellenberg-gemeente en die koördineerder van die Beaufort-Wes-uitreik.





**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Serpe, musse en truie by die honderde

**Die vlytige breiers van Stellenberg se breigroep het binne 10 maande 800 serpe, 1 550 musse en 160 truitjies vir die afgelope skoolvakansie se uitreike gebrei. Die breiwerk word met groot dankbaarheid in ysige Karoodorpe en die Transkei, waarheen ons jaarliks uitreik, in ontvangs geneem.**

Die lede van die breigroep kom maandeliks bymekaar om saam te brei, patrone uit te ruil en 'n bietjie te gesels, maar almal brei ook volstoom tuis.  Die groep spog selfs met 'n splinternuwe manlike lid, Pieter Pienaar, wat ongeveer drie maande gelede by die groep aangesluit het.  Nuwe lede is dus altyd welkom

Die lede van die breigroep sê hulle ontwikkel soms seer skouers of elmboë van al die gebrei, maar dit is liefdeswerk en vir hulle elke steek die moeite en soms seer werd.

Die serpe, musse en truie word met afvalwol of wolskenkings gebrei.  Ondersteun asb. die besonderse projek deur enige bruikbare wol aan hulle te skenk.  Kontantbydraes, waarmee hulle self wol kan aankoop, word ook waardeer en bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.















# Die hele dagga-kwessie

Deur: ds. Hanno Ackerman



**Ons leef in interessante tye – tussen 2018 en 2019 is oor die kwessie rondom die dekriminalisering van dagga gedebatteer en is ons landswette aangepas sodat dagga wel vir medisinale doeleindes wettig gebruik mag word. Nou ontstaan die vraag – wat moet ek as ouer oor die saak dink en wat moet ek vir my kinders aangaande die gebruik van dagga leer?**

Daar word geargumenteer dat die dekriminalisering van bepaalde gedrag, gebruike, gewoontes, ens. soms voordelig is omdat dit juis die onwettigheid daaraan verbonde is wat vir veral jongmense 'n groot aantrekkingskrag inhou. As tiener kan ek onthou hoe opwindend dit was om byvoorbeeld *hubbly bubbly* te rook. Dit is voorgehou as net gegeurde tabak wat deur water "gesuiwer" word, maar die eintlike aantreklikheid vir my en my maters was die feit dat dit 'n verbode produk was. Ons het eers later van die studies gehoor wat bewys het dat 'n uur se *hubbly bubbly* rook netso skadelik soos 200 sigarette is.

Net soos *hubbly bubbly* is dagga nie 'n nuwigheid nie. Die Mediese Navorsingsraad van Suid-Afrika het aangedui dat reeds in 2008 meer as 3,2 miljoen Suid-Afrikaners dagga gebruik het. Na die verandering van die wetgewing t.o.v. die gebruik van dagga, tref 'n mens nou selfs bier, pizzas en nageregte met dagga in, aan. Die gebruik en kondonering van dié middel neem al hoe meer toe onder Suid-Afrikaners. Ouers is reeds bekommerd oor die lakse sisteem wat minderjarigestoegang tot alkohol verleen en nou word dagga ook deel van die prentjie.

Dit is vir my baie duidelik dat dit elke ouer se verantwoordelikheid is om sy/haar kind van die mediese en psigiese gevolge wat met die gebruik van dagga gepaard gaan, bewus te maak. SASOP ( South African Society of Psychiatrists) het in 2018 hulle kommer uitgespreek oor die persepsie dat dagga 'n onskadelike middel is. SASOP se navorsing het bevind dat 9% van mense wat die middel gebruik, wel daaraan verslaaf sal raak en sou jy die middel gedurende adolessensie begin gebruik, vergroot dié risiko tot 17%. Dagga het 'n aantal psigiese newe-effekte waarvan geheueverlies, angsversteurings en depressie die vernaamste is. Veranderings in persoonlikheid, algemene traagheid en lusteloosheid kom ook voor.

Studies toon ook dat sekere individue meer vatbaar is vir die newe-effekte as ander en dat daggagebruikers dikwels na 'n periode van gebruik, oorslaan na meer gevaarlike dwelmmiddels.

My raad aan ouers is om gereeld met jou kind oor onderwerpe soos dagga, alkohol, asook seksualiteit te gesels. Moenie toelaat dat die kwessies verbode onderwerpe raak nie, sodoende raak dit net meer aanloklik en 'n mens se kinders moontlik meer waaghalsig. Praat openlik met jou kind oor die gevolge van hulle keuses en hoe hulle verantwoordelike besluite kan neem.

# ’n Annibrand derde kwartaal

Deur: ds. Hanno Ackerman




Die jeug- en jongvolwassenebediening fokus tydens die derde kwartaal op die relevansie van die koninkryk van God – die hiér en nóú. Ons nooi kenners en bekendes op verskeie terreine van die lewe om tydens die jeugdiens op ons geselsbank te kom sit en saam te gesels en dink oor hoe ons in die koninkryk van God kan leef. Die gesprek gaan tweeledig wees – hoe leef ek in die koninkryk, asook hoe laat ons die koninkryk van God na andere deurbreek?

As kinders het ons dikwels gedink die koninkryk is ’n geografiese area, amper iets soos die hemel is bo in die wolke en ’n plek waarna ons almal streef. Tog maak die wyse waarop God deur Jesus en die Heilige Gees werk, dit duidelik dat die lewe hier op aarde van waarde is en dat die wyse waarop ons nóú leef, baie belangrik is.

Ons wil almal (tieners, ouers en jongvolwassenes) uitnooi om in te skakel by ons tema *Couch Tuner* elke Sondagaand om 18:00 tydens die jeugdiens in die kerk. Kom luister na die verskillende menings en stemme vanoor die wêreld heen en hoe God se koninkryk hier in ons leefwêreld inpas.

Die koninkryk van God is hiér en dit is nóú en ons moet dit beleef en uitleef!

# Die liturgiese ruimte is vernuwe

Die kerkraad het in 2018 besluit om die liturgiese ruimte (die area voor en rondom die preekstoel) meer prakties en veeldoelig in te rig. Verskeie argitekontwerpe is oorweeg. Vir kostebesparing behartig die gemeente se nutsman, ’n ervare skrynwerker, die meeste van die werk self onder toesig van die argitek en ’n bouer. Die projek word in fases aangepak, waarvan die eerste was om die klankkaste op die rand van die liturgiese ruimte te verwyder, die klankkabels te herlei en om die kansel te verwyder. Die klavier en ander musiekinstrumente kan nou volgens verskillende eredienste se behoeftes verskuif en geberg word. Indien jy navrae oor die aangeleentheid het, kontak gerus een van die leraars.

